# Op die lappe

Die geheim van 'n individuele dekorstyl is fyn afronding – soos dié gordyne met hul stensilrand.

*Deur* **Nadine Vosloo** • *Foto's* **ER Lombard**

**MAKLIK**

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 2/10
**Vaardigheidsvlak** 2/10
**Tyd nodig** 1 dag (droogtyd vir die verf ingesluit)

## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**
- stensil met 'n geskikte ontwerp
- 250 ml Tjhoko Paint in die kleur van jou keuse (ons het Lourain's Cream gebruik)

**GEREEDSKAP**
- maskeerband
- stensilkwas
- skoon doek

## Só maak jy ...

**1** Plaas die gordyn op 'n plat werkoppervlak en plak die stensil op sy plek vas met maskeerband. Die maskeerband hou die stensil in posisie en keer terselfdertyd dat jou kwas oor die stensil se rand beweeg op dele wat ongeverf moet bly.



1


2

**2** Gebruik net 'n titsel verf op jou stensilkwas en maak seker dis eweredig oor die kwas se hare versprei. Dis beter om met min verf te werk, anders kan dit onder die stensil inloop – 'n probleem wat later baie moeilik reggestel kan word omdat jy met materiaal werk en nie 'n oppervlak soos hout wat jy kan oorverf nie.


3


4



**3** Beweeg jou kwas in sirkelbewegings terwyl jy met jou ander hand druk toepas op die stensil sowel as die materiaal om te keer dat dit skuif. **4** Verwyder die stensil versigtig nadat jy jou patroon voltooi het. Druk-druk met 'n skoon doek op enige dele waar daar te veel verf beland het. Herhaal die proses tot die hele oppervlak bedek is.

**Wenk** Wag as voorsorgmaatreël 5–6 uur voor jy die gordyn aan die agterkant stryk om die verf op die materiaal vas te lê. As jy die artikel wil uitspoel, wag 48 uur en was dit dan met die hand in koue water.



**WATTER MATERIAAL WERK DIE BESTE?**
Natuurlike stowwe soos katoen, kaasdoek en ander geweefde materiale is ideaal vir stensilwerk.

**KONTAK** **Tjhoko Paint** 073 206 3104, tjhokopaint.co.za